- (5) Enige persoon wat 'n aktiwiteit binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied voor die uitvaardiging van hierdie regulasies uitgevoer het, wat 'n nadelige impak op optiese astronomie en verwante wetenskaplike ondernemings binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied mag hê, moet voldoen aan die voorgeskrewe voorwaardes in Regulasies 4, 5 en 6 van hierdie Regulasies binne 'n tydperk van een (1) jaar nadat hierdie regulasies in werking gestel is.

4. Voorgeskrewe voorwaardes vir beligtingsaktiwiteite

- (1) Tensy dit deur die bestuursgesag goedgekeur is, mag geen persoon toelaat dat enige algemene-area-beligting en buitemuurse ontspanningsbeligting aktiwiteite binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied veroorsaak dat die gemiddelde naghemelhoelderheid binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied, soos in sub-regulasie 3(2) bepaal, oorskry word nie.
- (2) Binnenshuise beligting in geboue en wonings is vrygestel van die beperkings in sub-regulasies 4(3) tot 4(7) voorgeskryf, onderhewig daaraan dat geen persoon sal toelaat dat enige interne beligting na buite die gebou sal oorspoel nie wat sal veroorsaak dat die naghemelhoelderheid soos in sub-regulasie 3(2) bepaal, binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied oorskry word nie.
- (3) Alle persone wat bestaande beligtingstoebehore en uitrusting vir algemene-area-beligting en buitemuurse ontspanningsbeligting binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied het, moet sulke beligtingstoebehore en uitrusting omskakel na volafsnrybeligting volgens die vereistes gestel in subregulasies 4(6) en

- (7) van hierdie Regulasies binne een (1) jaar nadat hierdie regulasies in werking gestel is.
- (4) Alle persone wat nuwe buitenshuise beligtingstoebehore en uitrusting binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied wil installeer, moet volafsnijbeligting gebruik en voldoen aan die vereistes gestel in subregulasies 4(6) en (7) van hierdie Regulasies.
- (5) Die totale toegelate hoeveelheid buitenshuise beligting vir algemene-area-beligting en buitemuurse ontspanningsbeligting binne enige perseel, sal deur die bestuursgesag bepaal word vir elke geval en die totale hoeveelheid so bepaal, mag nie oorskry word nie.
- (6) Alle persone binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied moet van die volgende tipes algemene-area-beligting gebruik maak:
- (a) laedruk-natrium (LPS) of nouband amber (NBA) LEDs as die voorkeuropsie; of
 - (b) hoëdruk-natrium (HPS) of fosfor-omgeskakelde amber (PCA) LED beligting, indien dit nie haalbaar is om die beligting voorgeskryf in subregulasie (a) hierbo, te gebruik nie.
- (7) Lig-emissie moet beperk word tot bo 500 nanometer.
- (8) Die bestuursgesag mag vereis dat persone binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied nabyheidskakelaars, soos bewegingsensors en tyd-dompskakeling of afskakeling gebruik, om te verhoed dat die naghemelhelderheid in sub-regulasie 3(2) bepaal, binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied oorskry word.

5. Aktiwiteite wat stof veroorsaak

- (1) Enige persoon wat van voorneme is om 'n aktiwiteit binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied te onderneem wat grondwerk met die veroorsaking van stof behels, moet 'n aansoek op die voorgeskrewe vorm (Bylae B) waarvan 'n afskrif by die bestuursgesag verkry kan word, vir goedkeuring indien voordat sulke aktiwiteite 'n aanvang neem.
- (2) Die bestuursgesag sal die uitslag van enige aansoek(e) kragtens hierdie Regulasie 5 beoog, binne 60 (neëntig) werksdae kommunikeer vanaf die datum van ontvangs van die ten volle voltooide aansoek.

6. Windturbines vir die opwekking van elektrisiteit

- (1) Geen persoon mag 'n windturbine met 'n potensiële elektriese kraglewering van meer as 100 kW binne 20 km vanaf die middelpunt van die koepel van die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT), geleë op breedtegraad 32° 22' 33" S en lengtegraad 20° 48' 38" O, bedryf nie.
- (2) Enige persoon wat hindernisbeligting gebruik vir lugvaart op windturbine torings, geleë verder as 20 km vanaf die middelpunt van die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop koepel, maar binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied, moet voldoen aan die variasie toegelaat deur die Burgerlugvaart-owerheid van Suid-Afrika ten einde ligbesoedeling binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied te verhoed.
- (3) Die metode vir die aktivering van die hindernisbeligting op windturbine torings deur die vliegtuigloods, soos bepaal deur die Burgerlugvaart-owerheid van Suid-Afrika, sal gebruik word.
- (4) Geen persoon mag direkte sigbaarheid van hindernisbeligting vir lugvaart op windturbine torings, wat verder as 20 km vanaf die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied, maar binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied geleë is, veroorsaak nie.
- (5) Enige algemene-area-beligting op die windturbine-terreine vir operasionele, sekuriteit of enige ander doel, moet voldoen aan die voorwaardes voorgeskryf in regulasie 4 van hierdie Regulasies.

7. Waardebepaling van ligbesoedeling

- (1) Wanneer die bestuursgesag bewus word van nuwe buitenshuise beligtingsinstallasies, of wanneer nuwe buitenshuise beligtingsbronne deur die SAAO waargeneem word, wat binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied geleë is, mag die bestuursowerheid reël dat 'n waardebepaling uitgevoer word van die ligbesoedelingsimpak op die gemiddelde maanlosenaghemelhelderheidsvlakke binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied.
- (2) Die koste vir die waardebepaling mag verhaal word van die eienaar van die beligtingsinstallasie wat die besoedeling veroorsaak het, indien dit deur die bestuursowerheid bepaal word dat daar 'n oortreding van hierdie Regulasies was.

- (3) Enige persoon wat van voorneme is om 'n nuwe buitenshuise beligtingsbron te installeer, moet vooraf 'n waardebeoordeling uitvoer om te bepaal dat die gemiddelde maanlosenaghemelhelderheidsvlakke binne die Sutherland Kern Astronomievooroordeelgebied nie oorskry sal word nie.

8. Verlenging van die een jaar tydperk

Die Minister mag, deur middel van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant*, die een-jaar-tydperke in sub-regulasies 3(5) en 4(3) van hierdie Regulasies beoog, verleng.

9. Finansiële vergoeding

Enige finansiële vergoeding beoog kragtens artikel 23(3)(a) van die Wet in verband met 'n beperking op aktiwiteite wat wettig uitgevoer is binne die Sutherland Sentrale Astronomievooroordeelgebied voordat hierdie Regulasies uitgevaardig is, sal onderworpe wees aan die Regulasies oor Finansiële Vergoeding vir die Sutherland Sentrale Astronomievooroordeelgebied.

10. Oortredings en boetes

- (1) Oortredings waarvoor 'n vervolging in 'n Hof ingestel mag word, sluit in die versuim om te voldoen aan die voorwaardes voorgeskryf in enige van die sub-regulasies 4(1), 4(3), 4(4), 5(1), 6(1) en 6(2) van hierdie Regulasies.
- (2) Die maksimum boete vir die opsetlike oortreding van terme van subregulasie 10(1) van hierdie Regulasies is R200 000 en R100 000 vir 'n nalatige oortreding.
- (3) Die boetes waarna subregulasie 10(2) van hierdie Regulasies verwys is, mag in die geheel, of gedeeltelik, opgeskort word, onderworpe aan die voorwaarde dat die veroordeelde persoon nie skuldig bevind word aan dieselfde oortreding binne 'n maksimum periode van drie jaar nie.

11. Kort titel en aanvang

Hierdie regulasies word die Regulasies vir die Beskerming van die Sutherland Sentrale Astronomievooroordeelgebied, verklaar vir optiese astronomie doeleindes, 2017, genoem, en sal in werking tree op 'n datum om deur die Minister bepaal te word deur middel van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant*.


Bylae A tot die Skedule 1 Regulasies

1. Die doel van hierdie Bylae is om inligting te verskaf oor hoe die maanlose-naghemelhelderheidsvlakke en uitdowingswaardes in subregulasies 3(2) en 3(3) van hierdie Regulasies gespesifiseer as die beskermingsvlakke vir optiese astronomie bepaal word deur middel van metings. Kunsmatige buitenshuise beligting en stof wat binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied ontstaan, mag 'n negatiewe impak op die naghemelhelderheid en atmosferiese uitdowing binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied hê. 'n Vermeerdering van die naghemelhelderheidsvlakke deur kunsmatige beligting wat ligbesoedeling veroorsaak, sal die vermoë om dowwe astronomiese voorwerpe waar te neem, verminder. 'n Toename van die uitdowingswaardes veroorsaak deur lugbesoedeling sal die ligsterkte deur 'n astronomiese voorwerp uitgestraal, verminder.
2. Sterrekundiges maak van filters gebruik om die spesifieke reeks golflengtes waaroor helderheid gemeet word, te beheer. 'n Filter is eenvoudig 'n stuk gekleurde glas (presies gemaak) wat in die ligstraalpad tussen die teleskoop en die detektor geplaas word. Die persentasies van elke golflengte wat deurgelaat word, is versigtig ontwerp om spesifieke stukke astronomiese inligting te versamel.
3. Die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied perseel is 'n unieke ligging vir astronomie in die suidelike halfrond, in terme van baie lae naghemelhelderheid en ook lae en stabiele atmosferiese uitdowing.
4. Die natuurlike naglug kwaliteit toestande by Sutherland is bepaal deur astronomiese waarnemings ter plaatse bekom oor die afgelope 35 jaar. Die gemiddelde waardes in die tabel hieronder gelys is uitgedruk in eenhede wat tradisioneel deur sterrekundiges gebruik is, en ook in ander fisiese eenhede.

Filter deurlaatband	U	B	V	R	I
Effektiewe golflengte, λ_{eff} (nm)	365	433	550	640	790
Naghemelhelderheid (magnitude/arcsec ²)	22.4	22.7	21.9	21.1	19.8
Naghemelhelderheid (mikroJy/arcsec ²)	2.08	3.55	6.67	11.2	30.7
Naghemelhelderheid (10 ⁻¹⁷ Wat/m ² /arcsec ²)	1.71	2.46	3.63	5.24	11.6
Uitdowing (magnitude/lugmassa)	0.54	0.27	0.15	0.10	0.07

Notas

1. λ_{eff} , die effektiewe golflengte, is die sentrale golflengte in nanometers (10⁻⁹ meters) van die deurlaat band, aangepas deur intensiteit as 'n funksie van golflengte.
2. U – beteken ultraviolet (in die nabye ultraviolet area van die elektromagnetiese spektrum).
3. B – beteken blou (in die sigbare deel van die elektromagnetiese spektrum).
4. V – beteken sigbare (in die sigbare deel van die elektromagnetiese spektrum).
5. R – beteken rooi (in die sigbare deel van die elektromagnetiese spektrum).
6. I – beteken infrarooi (in die nabye infrarooi area).

Bylae B tot Skedule 1 Regulasies

science
& technology

Department:
Science and Technology
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Hierdie vorm moet ingedien word kragtens Sub-regulasie 5(1) van die Skedule 1 Regulasies om goedkeuring te verkry vir 'n aktiwiteit wat enige grondwerk behels en in staat is om lugbesoedeling te veroorsaak met 'n nadelige impak op optiese astronomie uitgevoer by die Suid-Afrikaanse Astronomiese Sterrewag naby Sutherland, Noordkaap. Die inligting versoek in die volgende items word benodig om die moontlike nadelige impak te beoordeel.

Item	Benodigdhede	Besonderhede vir inligting benodig	Reaksie tot die benodigdhede (Vir meer spasie, voeg asb. 'n bylae by)
1.	Naam en besonderhede van die onderneming en verteenwoordiger	Naam van entiteit Registrasie nommer Verteenwoordiger Telefoonnommer E-posadres Posadres	
2.	Ligging	(a) Sentrale geografiese ligging van die aktiwiteit (lengtegraad & breedtegraad in grade, minute & sekondes of in grade met 4 desimale); (b) Hoogte van die hoogste punt by die betrokke perseel bo seevlak; en (c) Afstand vanaf die Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT) geleë by 32° 22' 33" S en 20° 48' 38" O.	

3.	Aktiwiteit	Beskrywing van die omvang van die bedrywighede en die metodes om gebruik te word.	
4.	Impak van wind	Rigting van die heersende wind wat stofbesoedeling sal affekteer.	
5.	Bepaling van moontlike stofbesoedeling	(a) Beskryf en kwantifiseer die stofbesoedeling wat deur die bedryf veroorsaak sal word; en (b) Beskryf die metodes wat op 'n aaneenlopende basis gebruik sal word om stofbesoedeling te minimaliseer.	
6.	Kommentaar	Verskaf enige inligting wat bruikbaar sal wees in die uitvoering van die impakbeoordeling vir moontlike stofbesoedeling.	
7.	Naamtekening	In die ondertekening van hierdie dokument, verklaar ek dat die inligting hierin verstrek tot die beste van my wete waar en korrek is. Naamtekening Datum	

SKEDULE 2**REGULASIES OOR FINANSIËLE VERGOEDING VIR DIE SUTHERLAND
SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIED****Indeling van die Regulasies**

1. Woordomskrywings	2
2. Toepassing van die regulasies in hierdie Skedule 2.....	2
3. Prosedures en kriteria om vir finansiële vergoeding aansoek te doen	2
4. Verwerking van die aansoek deur die bestuursgesag	3
5. Bepaling van vergoeding deur die Minister	3
6. Aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker.....	4
7. Kort titel en aanvang.....	5

1. Woordomsrywings

In hierdie Skedule 2 Regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
"finansiële verlies" die bewysde geldelike verlies gemaak deur 'n geaffekteerde persoon as gevolg van die voldoening aan 'n beperking of die implementering van 'n vereiste of 'n voorwaarde kragtens artikel 23 van die Wet voorgeskryf, gelees met Skedule 1 van hierdie Regulasies;

"geaffekteerde persoon" 'n persoon wat —

- (a) wettiglik 'n aktiwiteit binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied uitgevoer het voor die beperking van daardie aktiwiteit ooreenkomstig Skedule 1 van hierdie Regulasies, gelees met die Wet; en
- (b) deur die Minister vereis word om kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies daardie aktiwiteit te staak of om aan voorwaardes te voldoen wat voorgeskryf is kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies;

"GPS" die "global positioning system";

"Skedule 1 Regulasies" die regulasies om sekere verklaarde aktiwiteite kragtens artikel 23 van die Wet binne die Sutherland sentrale astronomievoordeelgebied, te verbied of te beperk, wat Skedule 1 van hierdie Regulasies is; en

"Wet" die "Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007)".

2. Toepassing van die regulasies in hierdie Skedule 2

- (1) Die regulasies is van toepassing op die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied verklaar vir optiese astronomie doeleindes en verwante wetenskaplike ondernemings.
- (2) In die geval van teenstrydigheid tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie regulasies, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

3. Prosedures en kriteria om vir finansiële vergoeding aansoek te doen

- (1) 'n Geaffekteerde persoon wat 'n bewysde finansiële verlies gely het, alleenlik as 'n direkte oorsaak van daardie persoon se voldoening aan 'n vereiste of

voorwaarde voorgeskryf kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies, mag by die Minister, kragtens hierdie regulasie, aansoek vir vergoeding doen.

- (2) Die aansoek om vergoeding in sub-regulasie (1) beoog, moet op 'n voorgeskrewe vorm gedoen word, by die bestuursgesag verkry, of van die webwerf van die bestuursgesag, en ingedien word by die bestuursgesag binne twee (2) jaar na die implementering van die betrokke vereiste of voorwaarde.
- (3) Indien 'n aansoeker vir vergoeding in verband met verskillende aktiwiteite aansoek doen, moet die aansoeker 'n afsonderlike aansoek met betrekking tot elke aktiwiteit indien.

4. Verwerking van die aansoek deur die bestuursgesag

- (1) Op ontvangs van die aansoek, mag die bestuursgesag skriftelik verdere besonderhede van die aansoeker versoek, en, as dit nodig geag word, mag die aansoeker deur middel van 'n beëdigde verklaring sulke verdere inligting verskaf aan die bestuursgesag vir oorweging van die aansoek en die aansoeker moet binne dertig (30) dae na die versoek gestuur is, op die versoek vir verdere inligting reageer.
- (2) Die bestuursgesag moet, binne sestig (60) dae na die datum wanneer die laaste inligting nodig, ontvang is, die aansoek en al die betrokke dokumentasie en enige verdere besonderhede deur die aansoeker ingedien, met 'n aanbeveling na die Minister verwys vir 'n besluit: onderworpe daaraan dat die Minister die tydperk van sestig (60) dae mag verleng met goeie redes deur die bestuursgesag verstrek en met kennisgewing aan die aansoeker.
- (3) Die bestuursgesag moet binne dertig (30) dae na die ontvangs van die Minister se besluit, die aansoeker skriftelik van die Minister se besluit in kennis stel en die aansoeker met geskrewe redes vir die besluit voorsien, insluitend 'n aanbod vir vergoeding bepaal volgens Regulasie 5 van hierdie Regulasies.

5. Bepaling van vergoeding deur die Minister

Indien die Minister goedkeur dat 'n aansoeker vergoeding behoort te ontvang, moet die Minister die bedrag van die vergoeding bepaal met inagneming van al die toepaslike inligting ingesluit in die aansoek en die aanbeveling deur bestuursgesag gemaak, insluitend -

- (a) die aard en omvang van die aktiwiteit wettig uitgevoer deur die aansoeker onmiddellik voor die inwerkingstelling van die betrokke vereiste of voorwaarde;
- (b) die mate waartoe die aansoeker die betrokke aktiwiteit gestaak het, die aard en omvang waartoe die aansoeker sy/haar uitvoering van die betrokke aktiwiteit verander het, alleenlik as 'n direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes voorgeskryf kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies;
- (c) die eiendom of toerusting wat deur die aansoeker besit of gebruik was om die betrokke aktiwiteit uit te voer en die mate waartoe die gebruik daarvan nadelig geaffekteer is, alleenlik as 'n direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes voorgeskryf kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies; en
- (d) die bewysde finansiële verlies deur die aansoeker gely, alleenlik as 'n direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes voorgeskryf kragtens Skedule 1 van hierdie Regulasies.

6. Aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker

- (1) Binne dertig (30) dae na die ontvangs van die aanbod in subregulasie 4(3), moet die aansoeker die bestuursgesag skriftelik in kennis stel of die aanbod aanvaar of verwerp word.
- (2) Indien die aansoeker die aanbod kragtens subregulasie 4(3) gemaak, aanvaar, moet die bestuursgesag die aansoeker die bedrag betaal op 'n manier en binne die tydperk waarop daar tussen die aansoeker en die bestuursgesag ooreengekom is, welke tydperk nie meer as sestig (60) dae na die ontvangs van die kennisgewing van aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker mag wees nie.
- (3) Indien die aansoeker die aanbod kragtens subregulasie 4(3) gemaak, verwerp, dan sal die maatreëls in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, (Wet No 3 van 2000) van toepassing wees.

7. Kort titel en aanvang

Hierdie regulasies word die Regulasies oor Finansiële Vergoedingsprosedures vir die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied, 2017, genoem, en sal in werking tree op 'n datum om deur die Minister bepaal te word deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant.

EXPLANATORY MEMORANDUM ON THE PROPOSED PROTECTION REGULATIONS AND PROHIBITION OF CERTAIN MINING ACTIVITIES WITHIN THE SUTHERLAND CENTRAL ASTRONOMY ADVANTAGE AREA

VERDUIDELIKENDE MEMORANDUM OOR DIE VOORGESTELDE BESKERMING REGULASIES EN VERBOD OP SEKERE MYNBOU AKTIWITEITE BINNE DIE SUTHERLAND SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIED

Nothing in this document will negate anything prescribed in the Regulations.

Niks vervat in die dokument sal enige iets in die Regulasies voorgeskryf, negeer nie.

Contents

1. Introduction
2. Optical astronomy and Sutherland
3. Astronomy Geographic Advantage Act and protection of astronomy
4. Summary of the protection measures in the proposed Regulations and the declaration of the prohibition on certain mining activities
5. Financial compensation
6. Further information
7. Map of the Sutherland Central Astronomy Advantage Area (AAA)

Inhoud

1. Inleiding
2. Optiese astronomie en Sutherland
3. Wet op Geografiese Astronomievoordeel en beskerming van astronomie
4. Samevatting van die beskermingsmaatreëls in die voorgestelde Regulasies en die verklaring van die verbod op sekere mynbou aktiwiteite
5. Finansiële vergoeding
6. Verdere inligting
7. Kaart van Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied (AVG)

1. Introduction - Inleiding

- 1.1. The purpose of this explanatory memorandum is to provide additional information, a description of the protection measures to be applied within the declared Sutherland Central Astronomy Advantage Area (AAA) and a summary of the proposed Regulations.

Die doel van hierdie verduidelikende memorandum is om bykomende inligting te verskaf, 'n beskrywing van die beskermingsmaatreëls om binne die verklaarde Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied (AVG) toegepas te word, en 'n opsomming van die voorgestelde regulasies.

- 1.2. The Sutherland Central AAA was declared on 12 March 2014 after the conclusion of the prescribed public consultation and the consideration of all the representations made in the public consultation.

Die Sutherland Sentrale AVG is verklaar op 12 Maart 2014 na afhandeling van die voorgeskrewe openbare konsultasieproses en die oorweging van al die vertoë gemaak in die openbare raadpleging.

- 1.3. A map of the declared area is available on page 7 of this document
'n Kaart van die verklaarde gebied is beskikbaar op bladsy 7 van die dokument.

2. Optical astronomy and Sutherland – Optiese astronomie en Sutherland

- 2.1. Astronomers use telescopes to study extremely distant and faint cosmic objects. The light from some of the most distant astronomical objects observed by astronomers is so ancient that it had already completed more than half its journey towards us by the time the Earth started to form 4.5 billion years ago. To study such faint sources, astronomers build their telescopes in the darkest and clearest places that they can find on Earth.

Sterrekundiges gebruik teleskope om buitengewoon ver en dowwe kosmiese voorwerpe te bestudeer. Die lig van sekere van die verste astronomiese voorwerpe is so oud dat dit alreeds die helfte van hulle reis na ons toe voltooi het teen die tyd dat die aarde begin vorm aanneem het 4.5 miljard jare gelede. Om sulke dowwe bronne te bestudeer, bou sterrekundiges hulle teleskope in die donkerste en helderste plekke wat hulle op die Aarde kan vind.

- 2.2. South Africa has some of the best sites for astronomy in the world. This is why a number of countries have made major investments in various scientific facilities at the South African Astronomical Observatory (SAAO) at Sutherland, in the Northern Cape Province. The Southern African Large Telescope (SALT), the largest single optical telescope in the southern hemisphere, is one of those facilities at SAAO at Sutherland. It is operated by South Africa on behalf of its partner institutions from Germany, India, New Zealand, Poland, the United Kingdom and the United States. The Sutherland site also hosts a variety of smaller South African and international telescopes and several facilities for geophysical research.

Suid-Afrika het van die beste terreine vir astronomie in die wêreld. Dit is waarom verskeie lande groot beleggings gemaak het in verskeie wetenskaplike fasiliteite by die Suid-Afrikaanse Sterrewag (SAAO) in Sutherland, in die Noord-Kaap Provinsie. Die Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT), die grootste enkele optiese teleskoop in die suidelike halfrond, is een van die fasiliteite by SAAO in Sutherland. Dit word bedryf deur Suid-Afrika namens sy vennootinstitute van Duitsland, Indië, Nieu-Seeland, Pole, die Verenigde Koninkryk and die Verenigde State van Amerika. Die Sutherland terrein huisves ook verskeie kleiner Suid-Afrikaanse en internasionale teleskope en verskeie fasiliteite vir geofisiese navorsing.

- 2.3. All these major investments in scientific infrastructure at Sutherland were made because Sutherland is an excellent location for ground-based optical and infrared astronomy. Since the observatory commenced operation in 1972, several key scientific discoveries of international impact have been made possible because of the darkness, clarity and stability of the skies over Sutherland. The level of natural seismic activity at Sutherland is also among the lowest in the world. This has attracted several geophysical facilities to the site. In 1998, free oscillations in the solid Earth, caused

by the motion of the atmosphere, were discovered based on data collected at Sutherland.

Hierdie groot beleggings in wetenskaplike-infrastruktuur te Sutherland is gemaak omdat Sutherland 'n uitstekende ligging vir terrestriële optiese- en infrarooi-astronomie is. Sedert die sterrewag met sy bedrywighede in 1972 begin het, is verskeie kern belangrike wetenskaplike ontdekkings, met internasionale impak, gemaak as gevolg van die donkerte, helderheid en stabiliteit van die lug bokant Sutherland. Die vlak van natuurlike seismiese aktiwiteit is ook van die laagste in die wêreld. Dit het verskeie geofisiese fasiliteite na Sutherland gelok. In 1998, is vrye ossillasies in die soliede aarde, wat deur die beweging van die atmosfeer veroorsaak word, ontdek, gebaseer op data verkry by Sutherland.

- 2.4. These qualities of Sutherland, and the Northern Cape Province in general, as an excellent region for astronomy and related scientific endeavours, have attracted SALT and the SKA to South Africa. Such mega-science projects result in direct investment in the Northern Cape, as well as technology and skills transfer to South Africa, placing the country firmly among the leading astronomical nations in the world.

Hierdie kwaliteite van Sutherland, en die Noordkaap Provinsie in die algemeen, as 'n uitstekende streek vir astronomie en verwante wetenskaplike ondernemings, het SALT en SKA na Suid-Afrika gelok. Sulke mega-wetenskaplike projekte, het direkte investering in die Noordkaap tot gevolg, sowel as die oordrag van tegnologie en vaardighede na Suid-Afrika, om so dié land stewig as een van die voorste astronomie nasies in die wêreld te plaas.

3. Astronomy Geographic Advantage Act and protection of astronomy - Wet op Geografiese Astronomievoordeel en die beskerming van astronomie

- 3.1. The astronomy advantage and the scientific qualities of Sutherland and the Northern Cape Province can be regarded as a limited natural resource, to be carefully used and protected for future generations. In recognition of this, the South African government has established a series of measures to safeguard this resource.

Die astronomievoordeel en die wetenskaplike kwaliteite van Sutherland en die Noordkaap Provinsie kan gesien word as 'n beperkte natuurlike hulpbron wat versigtig gebruik en bewaar moet word vir die toekomstige geslagte. In erkenning hiervan, het die Suid-Afrikaanse regering 'n reeks van maatreëls gevestig om dié hulpbron te beskerm.

- 3.2. The scientific qualities to be protected for optical astronomy and related scientific endeavours include:

- (a) the very dark night skies that may be detrimentally affected by artificial outdoor lighting;
- (b) the low air pollution levels that may be detrimentally affected by dust or smoke; and
- (c) the low level of seismic activity that may be detrimentally affected by tremors caused by certain mining activities, fracking or wind turbines.

Die wetenskaplike kwaliteite om vir optiese astronomie en verwante wetenskaplike ondernemings beskerm te word, sluit in:

- (a) die baie donker naglug wat nadelig deur kunsmatige buitenshuise beligting beïnvloed mag word;*
- (b) die lae lugbesoedelingsvlakke wat nadelig deur stof of rook beïnvloed mag word; en*
- (c) die lae seismiese aktiwiteitsvlakke wat nadelig beïnvloed mag word deur aardskuddings veroorsaak deur sekere mynaktiwiteite, kraking en wind turbines.*

- 3.3. Protection measures have been codified in the Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007). This Act makes provision, *inter alia*, for the identification and protection of areas in which astronomical projects of national strategic importance are undertaken. These areas are defined in the Act as astronomy advantage areas. The Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 further defines the term "astronomy advantage" to mean "*features which make an area suitable for astronomy and related scientific endeavours, and includes high atmospheric transparency, low levels of light and air pollution, low population density and minimal radio frequency interference*", and requires that these areas are "*protected, preserved and properly maintained*".

Beskerming maatreëls is vervat in die Wet op Geografiese Astronomievooroordeel, 2007 (Wet No. 21 van 2007). Die Wet maak onder andere voorsiening vir die identifikasie en bewaring van areas waarbinne astronomie projekte van nasionale strategiese belang onderneem word. Hierdie streke word in die Wet gedefinieer as astronomievooroordeelgebiede. Die Wet op Geografiese Astronomievooroordeel definieer verder die term "astronomievooroordeel" as "kenmerke wat streke geskik maak vir astronomie en verwante wetenskaplike ondernemings en sluit in hoë atmosferiese deursigtigheid, lae vlakke van lig- en stofbesoedeling, lae bevolkingsdigtheid en minimale radiofrekwensie steuring" en vereis dat dié areas "beskerm, bewaar en behoorlik onderhou word".

- 3.4. A circular area with a three-kilometre radius around the Southern African Large Telescope (SALT) has been declared as the **Sutherland Core Astronomy Advantage Area** in terms of section 7 of the Astronomy Geographic Advantage Act, 2007. Regulations to prohibit and restrict activities conducted within this area, that might detrimentally impact on the astronomy observations, were promulgated in 2013.

*’n Sirkelvormige gebied, met ’n drie kilometer straal rondom die Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT), is verklaar as die **Sutherland Kern Astronomievooroordeelgebied** kragtens artikel 7 van die Wet op Geografiese Astronomievooroordeel. Regulasies is in 2013 uitgevaardig om aktiwiteite wat binne die area uitgevoer word en astronomie waarnemings nadelig mag beïnvloed, te verbied en te beperk.*

- 3.5. Activities outside the three-kilometre radius of the **Sutherland Core Astronomy Advantage Area**, may have a detrimental impact on the astronomy conducted within the Core Area. Therefore, the area beyond the three-kilometre radius, up to a 75-kilometre radius, within the Northern Cape Province, was declared in terms of section 9 of the Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 as the **Sutherland Central Astronomy Advantage Area** in 2014. The draft regulations that are the subject of

this public consultation are required to prevent certain activities being or to be conducted within the Central Area from having a detrimental impact on the astronomy conducted within the Core Area.

Aktiwiteite buite die drie kilometer straal van die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied mag 'n nadelige invloed hê op die astronomie wat binne die Kerngebied uitgevoer word. Daarom is die gebied buite die drie kilometer straal tot op 'n 75-kilometer straal, binne die Noordkaap, kragtens artikel 9 van die Wet as die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied verklaar in 2014. Die konsepregulasies, wat die onderwerp van hierdie openbare konsultasie is, is nodig om te voorkom dat sekere aktiwiteite wat binne die Sentrale Area uitgevoer word of uitgevoer mag word, 'n nadelige impak het op die astronomie wat binne die Kernarea uitgevoer word.

4. Summary of the protection measures in the proposed Regulations and the declaration of the prohibition on certain mining activities - Opsomming van die beskermingsmaatreëls in die voorgestelde Regulasies en die verklaring van die verbod op sekere mynbou aktiwiteite

The proposed regulations for the protection measures to be applied within the Sutherland Central Astronomy Advantage Area are included in Schedule 1 of the draft Regulations and are summarised in the following sub-items.

Die voorgestelde regulasies vir die beskermingsmaatreëls om binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied toegepas te word, is ingesluit in Skedule 1 van die konsep Regulasies en word in die subitems hieronder opgesom.

- 4.1. The existing average moonless night sky brightness and the natural atmospheric extinction values, within the Sutherland Core Astronomy Advantage Area, that needs to be protected, are defined respectively in sub-regulations 3(2) and 3(3) in Schedule 1 of the draft regulations. Activities within the Central area that may detrimentally affect the existing night sky brightness and atmospheric extinction values are to be restricted. Existing activities that detrimentally affect the values must be restricted within one year of the regulations being promulgated.

Die bestaande gemiddelde maanlosenaghemelhelderheid en die natuurlike atmosferiese uitdowingswaardes, binne die Sutherland Kern Astronomievoordeelgebied, wat beskerm moet word, word onderskeidelik gedefinieer in sub-regulasies 3(2) en 3(3) in Skedule 1 van die konsep regulasies. Aktiwiteite binne die Sentrale area, wat die huidige nagemelhelderheid en atmosferiese uitdowingswaardes nadelig mag beïnvloed, moet beperk word. Bestaande aktiwiteite wat die gedefinieerde waardes nadelig beïnvloed, moet binne een jaar na die uitvaardiging van die regulasies beperk word.

- 4.2. Lighting activities within the Sutherland Central Astronomy Advantage Area may not adversely affect the defined brightness level in the Core Area. Indoor lighting is exempted but spillage to the outside that may affect the sky brightness within the Core Area is not allowed. All types of outdoor lighting must conform with the specifications in the regulations and existing outdoor lighting must be converted within one year after the regulations are promulgated.

Beligtingsaktiwiteite binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied mag nie die gedefinieerde helderheidsvlak binne die Kernarea nadelig beïnvloed nie. Binnenshuise beligting is vrygestel, maar uitstraling na buite wat die naglughelderheid binne die Kernarea affekteer, word nie toegelaat nie. Alle soorte buitenshuise beligting moet voldoen aan die spesifikasies in die regulasies en bestaande buitenshuise beligting moet binne een jaar nadat die regulasies uitgevaardig is, verander word.

- 4.3. Any activity that may involve any earth works creating dust within the Sutherland Central Astronomy Advantage Area must submit an application to the management authority prior to commencing the activity.

Enige aktiwiteit wat enige grondwerk met die veroorsaking van stof behels binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied, moet voordat die grondwerk n aanvang neem, 'n aansoek aan die bestuursgesag rig.

- 4.4. Wind turbines with a capacity of more than 100 kVA may not be operated within 20 km of the centre of the Core Area. Aviation lighting must comply with protection measures prescribed by the Civil Aviation Authority (CAA) to prevent light pollution within the Core Area. Pilot activated aviation lighting must be used. Any area lighting must comply with the relevant regulations in Schedule 1.

Windturbines met 'n kapasiteit van meer as 100 kVA mag nie binne 20 km vanaf die middelpunt van die Kernarea AVG bedryf word nie. Lugvaartbeligting moet voldoen aan die beskermingsmaatreëls wat deur die Burgerlugvaartowerheid (CAA) voorgeskryf is om ligbesoedeling in die Kernarea te voorkom. Lugvaartbeligting wat deur die loods geaktiveer word, moet gebruik word. Enige terreinbeligting moet aan die betrokke regulasies in Skedule 1 voldoen.

- 4.5. Assessment of light pollution may be arranged by the management authority to be carried when new lighting sources are observed. If the defined sky brightness levels are exceeded, the source must be addressed.

Beoordeling van ligbesoedeling mag deur die bestuursgesag gereël word wanneer nuwe beligtingsbronne waargeneem word. Indien die gedefinieerde helderheidsvlakke oorskry word, moet die bron aangespreek word.

5. Financial compensation – Finansiële vergoeding

Schedule 2 of the Regulations gives effect to section 23(3)(a) of the Astronomy Geographic Advantage Act, 2007, which provides for financial compensation where an activity that was lawfully conducted immediately before the promulgation of the Schedule 1 Regulations is restricted or terminated in order to comply with the regulations. The regulations prescribe:

- (a) the requirements for an application for financial compensation;
- (b) the procedures and criteria for the processing of financial compensation applications;
- (c) the criteria for decisions to be made by the Minister on financial compensation applications; and
- (d) the criteria for acceptance of offers for financial compensation.

Skedule 2 van die Regulasies gee uitvoering aan artikel 23(3)(a) van die Wet op Geografiese Astronomievoordeel, 2007, wat voorsiening maak vir finansiële vergoeding in die geval dat 'n aktiwiteit wat wettig uitgevoer is, onmiddellik voordat die Skedule 1 Regulasies uitgevaardig is, beperk word of opgeskort word om aan die regulasies te voldoen. Die regulasies skryf voor:

- (a) die benodighede vir 'n aansoek om finansiële vergoeding;*
- (b) die prosedures en kriteria vir die verwerking van finansiële vergoedingsaansoeke;*
- (c) die kriteria vir besluite om deur die Minister geneem te word oor finansiële vergoedingsaansoeke; en*
- (d) die kriteria vir die aanvaarding van aanbiedinge vir finansiële vergoeding.*


6. Further information – Verdere inligting

For further information about the Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 or the protection measures to be applied within the Sutherland Central Astronomy Advantage Area, please contact:

Vir verdere inligting rakende die Wet op Geografiese Astronomievoordeel of die beskermingsmaatreëls om binne die Sutherland Sentrale Astronomievoordeelgebied toegepas te word, kontak asseblief:

Dr Ramotholo Sefako
South African Astronomical Observatory
PO Box 9 Posbus 9
Observatory 7935

Tel. 021 460 9344
Email Epos rrs@saaao.ac.za

7. Map of the Sutherland Central AAA - Kaart van Sutherland Sentrale AVG

WARNING!!!

To all suppliers and potential suppliers of goods to the Government Printing Works

The Government Printing Works would like to warn members of the public against an organised syndicate(s) scamming unsuspecting members of the public and claiming to act on behalf of the Government Printing Works.

One of the ways in which the syndicate operates is by requesting quotations for various goods and services on a quotation form with the logo of the Government Printing Works. Once the official order is placed the syndicate requesting upfront payment before delivery will take place. Once the upfront payment is done the syndicate do not deliver the goods and service provider then expect payment from Government Printing Works.

Government Printing Works condemns such illegal activities and encourages service providers to confirm the legitimacy of purchase orders with GPW SCM, prior to processing and delivery of goods.

To confirm the legitimacy of purchase orders, please contact:

Renny Chetty (012) 748-6375 (Renny.Chetty@gpw.gov.za),

Anna-Marie du Toit (012) 748-6292 (Anna-Marie.DuToit@gpw.gov.za) and

Siraj Rizvi (012) 748-6380 (Siraj.Rizvi@gpw.gov.za)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065